

# SA's Leading Past Year

## Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



**SA EXAM  
PAPERS**  
SA EXAM  
PAPERS



**GAUTENG PROVINCE**

EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JUNIE EKSAMEN  
GRAAD 12**

**2024**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**(VRAESTEL 2)**

BESIGHEIDSTUDIES V2



**C2722A**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**9 bladsye**

**X05**



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let daarop dat SLEGS die antwoorde tot die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die EERSTE antwoord gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genummer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punt- en tydstoewysing wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
<b>A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND</b>	1	30	20
<b>B: DRIE direkte/indirekte-tipe vrae KEUSE: (Antwoord enige TWEE.)</b>	2	40	70
	3	40	
	4	40	
<b>C: TWEE opstel-tipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige een.)</b>	5	40	30
	6	40	
<b>TOTAAL</b>		<b>150</b>	<b>120</b>

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 2 op 'n nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Mike, die bestuurder van Star Traders, pas die ... leierskapstyl toe as hy take aan sy volgelinge delegeer wat sonder toesig gedoen moet word.

- A laissez-faire
- B transaksionele
- C demokratiese
- D charismatiese

1.1.2 Die hoofsom sluit alle rente in wat gedurende vorige tydperke opgehoop is, wanneer die verdiende ... bereken word.

- A enkelvoudige rente
- B kapitaalwinst
- C saamgestelde rente
- D vaste rente

1.1.3 Besighede hanteer belastingontduiking as onetiese besigheidspraktyk deur ...

- A 'n raamwerk vir regstellende aksie te verskaf.
- B die werksure te verleng.
- C werknemers op te voed oor die nagevolge van bedrog.
- D akkurate rekords van inkomstestate en finansiële transaksies te hou.

1.1.4 Oorweeg die voor- en nadele van elke alternatiewe oplossing. Die probleemoplossingsstap staan bekend as ...

- A die definisie van die probleem.
- B die evaluering van alternatiewe oplossings.
- C die implementering van die beste oplossing.
- D die identifisering van alternatiewe oplossings.

1.1.5 VC Motors pas die ... tegniek toe wanneer hulle vraelyste aan 'n paneel kundiges versprei om 'n oplossing vir hul besigheidsprobleem te vind.

- A kragveldanalise
- B nominale groep
- C leë stoel
- D Delphi

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

leierskap; dinkskrum; aandele; onbillike advertensies; deursigtigheid; nominale groeptegniek; bestuur; sosiale verantwoordelikheid; belastingontduiking; skuldbriewe
--

- 1.2.1 Die proses om dinge gedoen te kry deur verantwoordelikheid te beoefen, staan bekend as ...
- 1.2.2 Sand Beperk het ... uitgereik om geleende kapitaal by die publiek in te samel.
- 1.2.3 Die gebruik van fyndruk om belangrike inligting te verberg, staan bekend as 'n voorbeeld van ... as 'n onetiese sakepraktyk.
- 1.2.4 Die King Kode-beginsel wat die ontwikkeling en implementering van programme wat daarop gemik is op die beskerming van gemeenskappe waarin hulle werk, staan bekend as ...
- 1.2.5 Alle lede van die groep maak lukraak voorstelle tydens die ... probleemoplossingstegniek.

(5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Demokratiese leierskapstyl	A uitgereik as vergoeding vir onbetaalde dividende
1.3.2 Dividende	B spanlede word aangemoedig om probleme deur konstruktiewe probleemoplossing te konfronteer
1.3.3 Bonusaandele	C die leier fokus daarop om volgelinge te motiveer deur middel van 'n beloningstelsel
1.3.4 Nominale groeptegniek	D handhawing van die gedragkode van 'n spesifieke beroep
1.3.5 Etiese gedrag	E spanlede word gemotiveer omdat hulle toegelaat word om by te dra tot probleemoplossing
	F die opbrengs op belegging in aandele wat deur 'n maatskappy aan sy aandeelhouers betaal word
	G die leier nooit groeplede uit om idees by te dra en aan die besluitneming deel te neem
	H die handhawing van morele standaarde wanneer sake gedoen word
	I die opbrengs op vaste bates wat in waarde toegeneem het
	J uitgereik aan die stigters en inkorporeerders van die maatskappy

(5 x 2)

(10)

**TOTAAL AFDELING A:****30**

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: SAKE-ONDERNEMINGS**

- 2.1 Noem enige VIER tipes voorkeuraandele. (4)
- 2.2 Beskryf in breë trekke die voordele van die charismatiese leierskapstyl. (4)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JOZI KONSULTANTE (JK)**

Jozi-Konsultante wil R10 000 teen 8% p.j. in 'n vaste deposito vir twee jaar by Gous Bank belê. JK het ook gesamentlike fondse geïdentifiseer as die beste beleggingsgeleentheid om hul besigheid uit te brei.

- 2.3.1 Bereken die rente op die vaste deposito wat JK na twee jaar sal ontvang. (4)
- 2.3.2 Verduidelik gesamentlike fondse as 'n tipe beleggingsgeleentheid. (4)
- 2.4 Bespreek die impak van die Regering/RSA Kleinhandel Spaareffekte as 'n vorm van belegging. (6)
- 2.5 Beskryf die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)
- 2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MDODO SPORTDRAG (MS)**

Mdodo Sportdrag het kleinhandelwinkels regoor die land. Die bestuur van MS neem vinnige besluite sonder om met hul werknemers te konsulteer.

- 2.6.1 Identifiseer die leierskapstyl wat MS toepas in die scenario hierbo. (2)
- 2.6.2 Bespreek ander voordele van die leierskapstyl geïdentifiseer in VRAAG 2.6.1. (4)
- 2.7 Stel situasies voor waarin die transaksionele leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. (6)

**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

- 3.1 Gee enige VIER voorbeelde van etiese gedrag in die werkplek. (4)
- 3.2 Identifiseer die tipes onprofessionele sakepraktyke getoon deur die werknemers van Galaxy Handel in ELKE stelling hieronder:
- 3.2.1 Werknemers maak persoonlike oproepe gedurende werksure. (2)
- 3.2.2 Werknemers laai films af deur gebruik te maak van die onderneming se hulpbronne. (2)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PLAAS TOT TAFEL BEPERK (PTB)**

Peter is aangestel as 'n nuwe uitvoerende hoof by Plaas tot Tafel Beperk. Hy moes 'n paar veranderinge by die besigheid aanbring en moes 'n paar belangrike besluite neem. Sommige aandeelhouers was nie bewus van hierdie veranderinge en besluite nie.

- 3.3.1 Identifiseer die King Kode-beginsel wat deur PTB toegepas word. (2)
- 3.3.2 Verduidelik ander maniere waarop PTB die King Kode-beginsel wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is, kan toepas. (4)
- 3.4 Beskryf maniere waarop ondernemings seksuele teistering as 'n soort onprofessionele sakepraktyk kan hanteer. (6)
- 3.5 Definieer *kreatiewe denke*. (4)
- 3.6 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)
- 3.7 Bespreek die volgende probleemoplossingstappe:
- 3.7.1 Identifiseer die probleem (2)
- 3.7.2 Ontwikkel 'n aksieplan (2)
- 3.8 Evalueer die positiewe impak van kragveldanalise as 'n probleemoplossingstegniek. (6)

**[40]**



**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE****SAKE-ONDERNEMINGS**

- 4.1 Brei uit oor die betekenis van *leierskap*. (4)
- 4.2 Verduidelik die situasieleierskapteorie. (4)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**VERO VERVAARDIGERS (VV)**

Vero Vervaardigers wil hul ekstra wins belê. Hulle oorweeg dit om in 'n tipe belegging te belê wat maklik in kontant omgeskakel kan word. Die bestuur van VV is bewus daarvan dat die tydsduur van die belegging die opbrengs op belegging kan beïnvloed.

Identifiseer TWEE beleggingbesluitfaktore wat van toepassing is op VV. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit die scenario hierbo.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3 te beantwoord.

BELEGGINGSBESLUITFAKTORE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

- 4.4 Evalueer die impak van 'n vaste deposito as 'n vorm van belegging. (6)

**BESIGHEIDSROLLE**

- 4.5 Definieer *professionele gedrag*. (4)
- 4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NIMROD-VERWE (NV)**

Nimrod-Verwe is gekonfronteer met 'n komplekse sakeprobleem wat opgelos moes word. Die bestuur het werknemers aangemoedig om idees in groot groepe voor te stel. Werknemers word ook geïnspireer om elke voorstel te gebruik om nuwe idees te genereer.

- 4.6.1 Noem die probleemoplossingstegniek wat deur Nimrod-Verwe gebruik word. (2)
- 4.6.2 Bespreek die voordele van die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer is. (4)
- 4.7 Verduidelik hoe onbillike advertensies as 'n onetiese sakepraktyk uitdagings vir besighede inhou. (6)
- 4.8 Beveel maniere aan waarop professionele, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer moet word. (4)

**[40]**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)**

Die meeste besighede oorweeg dit om hul surplusfondse te belê in aandele wat op die JSE genoteer is en deur effektetrusts. Hulle moet goed ingelig wees oor die impak van effektetrusts voordat hulle belê. Besighede moet ook bewus wees van faktore soos risiko en opbrengs op belegging wanneer hulle 'n beleggingsbesluit neem.

Skryf 'n opstel oor beleggingseffekte waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf in breë trekke die regte van gewone aandeelhouers.
- Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/JSE.
- Bespreek die impak van effektetrusts as 'n vorm van belegging.
- Adviseer besighede oor die volgende faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word:
  - Risiko
  - Opbrengs op belegging

**[40]****VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING)**

Probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede is albei belangrik omdat dit kan help om uitdagende situasies in die werkplek te hanteer. Sommige besighede pas die kragveldanalise en nominale groeptegniek toe om komplekse besighedsprobleme op te los. Ander glo dat die Delphi-tegniek die geskikste probleemoplossingstegniek is om te gebruik. Besighede belê in die opstel van die regte werksomgewing om kreatiwiteit en innovasie te stimuleer.

Skryf 'n opstel oor kreatiewe denke en probleemoplossing waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf in breë trekke die verskille tussen probleemoplossing en besluitneming.
- Verduidelik hoe besighede die kragveldanalise en nominale groeptegniek in die werkplek moet toepas.
- Bespreek die impak van die Delphi-tegniek as 'n probleemoplossingstegniek.
- Beveel maniere aan waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder.

**[40]****TOTAAL AFDELING C: 40****TOTAAL: 150**